

2de heupvervangings beter

MARANA BRAND VAN HULSTIEN

Die blote idee dat jy ná jou eerste heupvervangings waar-skyntlik wêr ná tien jaar of wat deur dieselfde pyn en lyding moet gaan, is nie 'n leker gedagte nie.

Gelukkig maak die mediese wetenskap deurentyd vordering en kan spesialiste soos dr. Adriaan van Huyssteen vandag die lewe vir jou heelwat makliker maak.

Van Huyssteen, 'n ortopediese heup- en kniechirurg by die Pa-



Dr. Adriaan van Huyssteen, wat groot sukses met nuwe generasie revisie-heupvervangings behaal.

norama Medichnic, het die afge-lope twee en 'n half jaar 'n studie gemaak van 40 tweedekeer-heupvervangings, of revisievervan-gings, wat hy in die tyd gedoen het.

Hy sê oorsake van revisiever-vangings is hoofsaaklik aan die verwering van die kunstheup toe te skryf, wat veroorsaak dat dit uiteindelik van die bekken los-dan herhaal word, maar die tweede keer is dit baie ingewik-kelder.

Anders as die meeste ander chirurgie, vervang Van Huys-steen die heupe met 'n kunst-heup wat uit 'n metaal soort-gelyk aan been, bestaan. Dit maak dat die kunstheup baie beter aan die gesonde been heg en beter funksioneer.

Sy studee het duidelik ge-toon dat vervangings met dié metaal – trabekulêre metaal genoem – pasiënte se lewe meer as twee keer verbeter in vergelyking met voor die ope-rasie.

In al die vervangings in sy studie, is die heupotjie van die nuwe metaal gemaak. “Ons het 100% sukses met die nuwe heupotjies ná een jaar ten opsigte van die ingroei van die potjie in die been van die bekken. Dit is omdat die trabekulêre metaal se struk-tuur baie soos dié van gewone

been is. Dit is grof, poreus en ba-sies so beweglik soos been; daarom kan dit so maklik en ste-wig vasgroeï,” sê Van Huys-steen.

Omdat die kunstheup so goed heg, is die verwagting dat die nu-we heup vir sowat 20 jaar of selfs die res van iemand se lewe sal hou.


“Dit is 'n baie groot verbe-tering. Dit het groter stabiliteit en daarom sal dit nie net langer hou nie, maar 'n pasiënt is ook baie vimniger mobiel ná die operasie. Een dag ná die operasie kan 'n pasiënt reeds op krukke beweeg en so 'n maand daarna kan hy ten volle funksioneer en weer werk toe gaan. Die tyd in die hos-pitaal is ook korter,” verduidelik hy. Van Huyssteen se studie het dié aannames onomwonde be-wys.

Hy het in April 'n voorlegging oor sy studie by die SA Artroplas-tie-vereniging se kongres ge-deen, waar dit goed ontvang is. Hy is ook genooi om in Oktober by die Nieu-Seelandse en Austr-a-liese ortopediese verenigings se kongres in Nieu-Seeland 'n voor-legging hieroor te doen.

Om hom vir dié tipe operasies te bekwaam, het hy die basiese tegnieke van revisie-operasies in Engeland gaan studeer. Hy het daarna boonop verskeie kursus-se en werkssessies bygewoon om sy tegniek te verbeter. Nou lei hy



Só lyk 'n deursnit deur gewone been.



'n Deursnit deur trabekulêre me-taal wat wys dit is baie soos gewo-ne been.

al ander spesialiste in revisie-operasies op en gee wêreldwyd lesings. “My doel is om vir men-se 'n heup te gee wat hulle le-wenslank kan hou, en wat min-der komplikasies soos heupont-wrigtings tot gevolg het,” sê hy.

Jan Coetzee, 'n aktiewe boer van Franschoek, kan nie uitge-praat raak oor hoe goed hy ná sy tweede heupvervangings met die nuwe metaal voel nie. Beide sy heupe is in 1999 vervang.

• Bel 021 930 8714 vir navrae.

CITROËN

commitments

CITROËN C1 Att